

Voorwoord

Die Taalkommissie het in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die Afrikaanse woordelys van 1991 saamgestel. In die hoofstuk oor "Skeiding van woorddele by skryf" word 't volgende vermeld, dat reëls nie noodwendig skeidingsmoontlikhede op ander plekke in die betrokke woorde nie uitsluit. Die volgende tipes voorbeelde illustreer wisselende skeidings: korrespondeer naas korre-spondeer, res-tant naas re-stant. Soms geniet die uitspraak voorrang: aar-tappel i.p.v. aart-appel. Ook word andere samestellings geweeg: teen-oor, teen-oorstaande naas tee-noor, tee-noorstaande. See die onderstaande voorbeelde in drie kolomme.

REDAKSIONEEL

Die tweede fase is in sy beginstadium. Daarom het verskeie politieke kommentators na die eerste honderd dae van die Mbeki-bewind hulle gewaag aan 'n evaluering van hierdie tydperk – om bepaalde "tekens" af te lei wat deurslaggewend vir die toekoms mag wees. Nick Bezuidenhout (Beeld, 11 September 1999: 7) wys byvoorbeeld daarop dat vier temas in hierdie tydperk na vore gekom het, naamlik 'n buitelandse beleid wat sterk op Afrika gerig is, sentralisering van mag in die kantoor van die President, geen daadwerklike optrede teen korrupsie nie, en die sterker rol wat die ANC binne hulle alliansie met die SAKP en die vakbonde speel. Hy wys ook op Mbeki se uitreiking na die Afrikaner en sy beskouing dat Afrika-

ners Afrikane is, gegrond op onderskeidelik 'n uitspraak van die leier van die NNP en 'n elektroniese nuusbrieff van Idasa. Henry Jeffreys noem in die rubriek Brandpunt (Beeld, 8 September 1999: 10) – na aanleiding van 'n onderhoud met Mbeki self – die voortgesette nastrewing van die gedagte van 'n Afrika-Renaissance as een van 'n reeks prioriteite waaraan die Mbeki-administrasie gemeet wil word. Hy sê verder dat nasionale versoening hoog op die President se agenda is, sigbaar vergestalt in uitreikingshandelinge ten opsigte van veral die wit Afrikaner-gemeenskap – onder andere uitgespel as sy droom van 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie tydens 'n toespraak by die jaarkongres van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (Rapport, 29 Augustus 1999: 2).

Spoortarief vir graan skiet op JAN CILLIERS

Spoornet het onlangs aangekondig dat hy sy tariewe vir die vervoer van graan vanaf 1 April met van 15 % tot 30 % gaan verhoog en in sommige gevalle selfs tot 60 %.

"Sodoende gebruik hy sy monopolie om sonder raadpleging met belangegroeppe hulle net enkele dae vooraf hiervan in te lig," sê mnr. Jannie de Villiers, uitvoerende direkteur van Nasionale Kamer van Meulenaars. onderneming van die destydse hoof van Spoornet verkry het dat spoortariewe vir graan oor die daaropvolgende vier jaar met nie meer nie as 12 % per jaar verhoog sal word nie.

Net 'n jaar later het Spoornet aangekondig dat hy dié ooreenkoms met die Vervoerwerkgroep van die graanbedryf eensydig opskort en ondanks talle skriftelike en telefoniese samesprekings tussen Spoornet en die werkgroep is niks bereik nie.

"Spoornet het net volgehou dat hy oor spoortariewe net met sy klante individueel onderhandel en nie met enige gevestigde verteenwoordigende organisasies van sy klante nie," het De Villiers gesê.

Die drastiese verhogings is ver bokant die inflasiekoers en die kennisgewing van enkele dae is onsinnig, het De Villiers gesê. "Geen sake-onderneming tree só op teenoor sy klante nie, tensy hy 'n monopolie het," het hy bygevoeg.

"Hierdie is 'n kwaai slag vir ons. Die onlangse reën het gehelp dat ons nie 'n herhaling van die prysstygings van kos, soos in 2002, sien nie. Hierdie tariefverhogings van Spoornet is egter skandalig. Talle meule en vervaardigers van die-revoeding kan nie anders nie as om spoorver-

voer te gebruik vanweë hul ligging nie. Dié drastiese verhoging in spoorvervoertariewe sal 'n uitwerking op alle basiese kossoorte hê. Die graanbedryf verwag dat dié organisasie, as 'n staatsmonopolie, binne die neergelegde parameters van die Regering sal werk."

Voorts sal dié nuwe tariewe ook nie die huidige druk op die reeds oorlaaide padinfrastruktuur verlig nie, terwyl dit beslis nie bydra tot Spoornet se aanspraak dat hy padgebruikers spoorgebruikers wil maak nie, het De Villiers gesê.
9 April 2004

Damvlakke steeds laer NICO VAN BURICK

Die gemiddelde waterinhoud van die land se vernaamste besproeiingsdamme was teen einde Maart steeds 13 % laer as in die ooreenstemmende tyd verlede jaar.

Volgens die Departement van Waterwese en Bosbou se damverslag is die damme (insluitend die Katsedam in Lesotho) se gemiddelde inhoud einde Maart 67 % teenoor verlede jaar se 80 %.

Die provinsies wat gunstiger daaraan toe is as 'n jaar gelede, is die Oos-Kaap met 67 % teenoor 65 % verlede jaar, Limpopo met 75 % teenoor 69 %, Mpumalanga met 70 % teenoor 67 %, Noordwes met 80 % teenoor 72 % en die Noord-Kaap met 96 % teenoor 95 % verlede jaar.

In die Wes-Kaap is die damvlakke aansienlik laer, naamlik 34 % teenoor 55 % verlede jaar, in Gauteng 55 % teenoor 73 % verlede jaar, in die Vrystaat 67 % teenoor 86 % en in KwaZulu-Natal 78 % teenoor 83 %.

In Noordwes is die Kosterdam (35 %), Olifantsnekdam (18 %) en die Kromellenboogdam (39 %) die leegste. In Limpopo is die Tzaneendam (39 %) se vlak die laagste en in die Vrystaat is die Allemanskraaldam (16%), Kalkfontein (24 %), Koppiesdam (18 %) en die Bloemhofdam (30 %) die leegste.
9 April 2004

Boere lewer fluks mielies JAN CILLIERS

Met nog twee maande voor die nuwe bemark-

kingseisoen vir mielies op 1 Mei begin, het boere tot einde Februarie reeds 8,201 miljoen ton mielies van die 2003/04-oes van 9 391 450 ton gelewer. Altesame 87 % van die totale oes is dus reeds gelewer. Volgens die Suid-Afrikaanse Graan-inligtingsdiens (Sagis) is 6,072 miljoen ton hiervan vir die binne-landse mark verwerk, terwyl 3,559 miljoen ton onverwerkte mielies by handelaars, opbergers en verwerkers lê.

Altesame 1,016 ton mielies is tot einde Februarie uitgevoer. Die grootste deel hiervan, 947 000 ton, is as heelmielies uitgevoer. Altesame 814 000 ton hiervan, is na Afrikalande uitgevoer.

Graan SA beraam die totale kommersiële aanbod van mielies vir die bemarkingsjaar 2003/04 op 12,370 miljoen ton. Dit sluit die oordragvoorraad aan die begin van die seisoen verlede jaar op 1 Mei (2,71 miljoen ton) en invoer van 270 000 ton in. Dit beteken dat die oordragvoorraad op 1 Mei vanjaar, wanneer die nuwe bemarkingsjaar begin, 2,8 miljoen ton kan beloop.

Graan SA se vraag-en-aanbodsyfer vir die bemarkingsjaar 2004/05 toon dat die oordragvoorraad volgende jaar op 1 Mei net 1,382 miljoen kan beloop weens die kleiner oes van 7,449 miljoen ton wat verwag word, volgens die tweede skatting van die Nasionale Oesskattingskomitee.

9 April 2004

Mooi plan vir Afrika se landbou, maar . . .
JEAN DU PREEZ

Die Voedsel- en Landbou-organisasie van die Verenigde Nasies se streekkonferensie vir Afrika wat pas in Sandton gehou is, het Suid-Afrika R4 miljoen gekos. Verteenwoordigers van 35 Afrika-lande (waarvan 35 op ministersvlak) het dit bygewoon en belangrike besluite is oor die landbou in Afrika geneem.

Die konferensie het gefokus op die toepassing van 'n Omvattende Landbou-ontwikkelingsplan vir Afrika, bekend as CAAPD (Comprehensive Africa Agriculture Development Plan). Volgens dié plan, wat vroeger deur staatshoofde in Afrika goedgekeur is,

verbind lande hulle daartoe om binne die volgende vyf jaar minstens 10 % van hul nasionale begroting aan die landbou en landelike ontwikkeling te bestee.

Die mikpunt word ook gestel dat voedselproduksie op die vasteland jaarliks met 6 % moet groei.

Alles baie belowend, maar waar pas Suid-Afrika se kommersiële landbousektor in dié prentjie?

Soos telkens tevore kry 'n mens die gevoel dat regeringslui hier op loop is met 'n plan waarin die werklike kundigheid van die landbousektor nie 'n beduidende rol speel nie. Soos met talle ander beleidsbesluite oor die landbou word die georganiseerde landbou dikwels nie betrek nie, óf in 'n laat stadium terloops geraadpleeg.

In die Afrika-konteks kan 'n mens dit verstaan omdat daar, buiten Suid-Afrika, elders weinig sprake van 'n kommersiële landbousektor is. As daar dus in Afrikaverband gepraat word, verwys dit hoofsaaklik na bestaanslandbou.

In Suid-Afrika kan dit 'n kloof laat ontstaan tussen die kommersiële landbousektor en die res van die landbougemeenskap.

Dit sal jammer wees. Aan die een kant verspeel die Regering 'n kans om te put uit 'n bron van kundigheid wat kan bydra om ál die planne uitvoerbaar te maak, en aan die ander kant kan hy kommersiële boere van hom wegdryf.

Om teen die prikkels te skop, gaan egter min help. Die georganiseerde landbou sal moet bly praat en van sy kant af toenadering soek om gehoor en gesien te word.
19 Maart 2004

April redakteursbrief

Vlae wat wapper in die Kaapse wind sal vanjaar feesgangers op pad na Oudtshoorn nader wink. Uit nuuskierigheid sal hulle van die N2 tussen Elgin en Botrivier afdraai en tussen wingerde deur-ry en op die Thandi Farm Kitchen afkom. En daar tussen gourmetplaaskos en fynproewerwyne sal hulle Susan Kraukamp vind - die padstal se no nonsense-bestuurder.

Lees 'n mens Riette Rust se storie in dié uitgawe van SARIE oor Susan en haar padstal lees jy die verhaal van vroue in Suid-Afrika vandag. Vroue wat struikelblokke omskep in geleenthede, nagmerries verander in drome, en gefokus daardie drome najaag. Vroue wat die aanhou en die uithou ken en dan die uiteindelijke sukses proe. Dis stories soos dié, stories soos Susan s'n, wat my as vrou vul met trots en 'n stille kameraderie kweek.

om 'n dag lank op die Paul Cluver-plaas, waarvan Susan se Thandipadstal deel uitmaak, te werk! Vroegoggend het ons met skêr in die hand gebukkend en in die warm son tussen die wingerde gestaan en versigtig swaar druiwetrosse met die ry af gepluk. Voor my het vroue in stilte en met vernuf hul reusemandjies gevul - 3, 4, 5 in die tyd dat ek skaars 'n halwe kon volkry. Met die sortering van die druiwe in die kelder was ek ná 'n ruk tot by my elmboë en deur my hare bedek in 'n dik, taai stroop, terwyl die vroue om my in 'n kits en met 'n vlymskerp oog die korrels en trosse wat

nie geskik is vir 'n connoisseur-wyn nie uitgepluk en verwyder het. Eenvoudige, eerlike werk, het ek gedink. So onder die son en so na aan die grond. En vrek hard. Genadeloos.

En so het Susan ook begin - gebukkend in die wingerde en tussen die vrugtebome. Maar daar het sy drome gedroom...

Vandag bied sy wynproe aan, bemark sy Thandiwyne by die Londense Food & Wine Trade Fair en besoek sy agente oorsee. In haar padstal/restaurant sit sy en haar span salmon wrap voor aan besoekers en praat sy oor nog pinot noir-wingerde wat aangeplant moet word.

Nou weet ek wéér waarom ek in my redakteursbrief van Februarie geskryf het oor my onverdraagsaamheid teenoor Suid-Afrikaners (en veral dié met 'n tweede paspoort in die agtersak!) wat gal braak oor die land. Diegene wat sukkel om iets goeds oor Suid-Afrika en sy mense te sê, en in die proses familie, vriende en mense om hulle aftrek in 'n spiraal van negatiwiteit. Lanklaas het ek soveel

reaksie op 'n redakteursbrief gekry. Lesers van oor die hele land wat net wou laat weet: "Ons stem saam. Ons wil ons nie meer omring deur sulke pessimisme nie! Ons gaan dit nie meer duld nie. Hierdie is ons land. Ons glo in ons mense en ons glo in ons toekoms."

Susan se storie is Suid-Afrika se toekoms. Mag haar verhaal ons almal weer drome laat droom.

Tot ons weer op 21 April gesels, wanneer ons Mei-uitgawe met sy spesiale modebylae (ook vir mans!) op die rak verskyn.

Groete
Michéle van Breda

Top-vroue in wynbedryf vereer

Suid-Afrika gaan in Mei vanjaar die eerste keer 'n Vrouewynmaker van die Jaar aanwys. Dié toekenning beteken dat Suid-Afrikaanse vrouewynmakers nou op gelyke voet geplaas word met lande soos Spanje, Argentinië en Amerika, waar spesifiek erkenning gegee word aan vroue in die wynbedryf, hetsy as produsente, vinoloë, be-

markers of konsultante.

Met dié toekenning, wat op aandrang van 'n aantal vrouewynmakers van stapel laat loop word, sal nie net erkenning gegee word aan die bydrae wat vroue tot die wynbedryf lewer nie, maar ook 'n forum skep vir die spesiale kwaliteite wat hulle aan die eeu-oue wynmaak-kuns kan bring. As een van die hoofborge, sal Landbouweekblad voortaan deelnemers en lesers gereeld op hoogte hou van die vordering wat gemaak word met hierdie toekenning.

Die sluitingsdatum vir benoemings is 21 Mei en wyn wat ingeskryf word, moet op die laatste op dié dag by die Cellars Hohenhort Hotel in Constantia, Kaapstad, afgelewer word. Die Cellars Hohenhort Hotel is ook een van die hoofborge en sal onder meer verblyf aan die beoordeelaars verskaf en die toekenningsonthaal op 28 Mei aanbied.

Die hooforganiseerder van die toekenning is Lorraine Immelman-Steyn wat ook die stigter en hooforganiseerder is van die Michelangelo Internasionale Wyntoeken-

nings.

Benoemingsvorme vir die toekenning is beskikbaar op die webwerf www.sawinewoman.co.za asook op www.landbou.com. Navrae: Lorman Communications, tel. 039 314 9915/3, faks 039 314 9914 of e-pos lorman@yebo.co.za.

Die beoordeelaars is die Nederlandse wynskrywer en wynmeester, Janna Rijpma-Meppelink; Norma Ratcliffe van Warwick Estate; die plaaslike en internasionale vryskutwynskrywer, Kim Maxwell; 'n direkteur van die Kaapse Wynakademie, Marilyn Cooper; die chef-sommelier van die Cellars Hohenhort Hotel, Tatiana Marcetteau; en die voormalige hoof van die Kaapse Wynakademie, Christine Rudman.

16 April 2004

This text has been copied from the "Landbou Weekblad, Sarie" with the purpose to demonstrate Afrikaans hyphenation only. The text was processed using *TALŌ's formatter software.

16 April 2004